

8 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 9:11-28
Fokusgedeelte: DL, 2:3

Jesus het die volmaakte offer vir my gebring!

“... sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie” volgens vers 22. In die ou bedeling moes daar gereeld diere geoffer word. Dat dit gereeld gedoen moes word sê vir ons dat dit nie volmaakte offers was wat eens en vir altyd vir ons sondes betaal nie. Slegs ’n volmaakte offer kan eens en vir altyd vir ons versoening doen, soos in vers 14 gesê word: “Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer.” In vers 12 word die eenmaligheid van Christus se offer bevestig. Hy het “net een maal die heiligdom binnegegaan en ’n ewige verlossing tot stand gebring.” Daarom bely ons ook: “Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakste offer en voldoening vir die sondes.”

Dit beteken geen ander offer kan die sondes van die mensdom wegneem nie en geen ander offer is beter nie. Ons bely dus ook: “Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorfloedig genoeg om die sonde van die hele wêreld te versoen.” Dit beteken nie dat Jesus vir alle mense versoening gedoen het nie. Dit is immers net die mense wat in Hom glo wat gered word, maar sy offer was voldoende om vir almal se sondes te betaal indien almal tot geloof sou kom.

Dit gee vir my die versekering dat my sonde betaal is, ten volle betaal is. Ek kan niks en ek hoef niks daarby te voeg nie. Ek kan dus soos ’n klaar verlore mens leef en nie soos iemand wat hom self probeer verlos en heeltyd moet wonder of sy pogings voldoende gaan wees nie.

Iemand wat weet dat die volmaakte prys klaar vir hom betaal is leef dankbaar voor God en gehoorsaam God se Woord in alles, nie om verlos te word nie, maar omdat hy verlos is! Mag u ook deur hierdie insig gemotiveer word om vandag so te lewe!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~